

# Kategeet werkblad: 18 September 2011

---

## Teksgedeelte:

Handelinge 15:1-12

## Agtergrond:

Die verhaal begin in Antiogië waar Judese Christene die gemeente omkrap deur te beweer dat mens nie 'n Christen kan wees as jy nie besny is nie. Ons weet dat nie eers alle Judiërs hulle laat besny het nie. Die besnydenis was teken van die verbond wat God met Abraham gesluit het.

Die gemeente in Antiogië stuur saam met Paulus en Barnabas 'n afvaardiging na Jerusalem om uit te vind wat hulle beslissing oor die saak is. Petrus praat op die Jerusalem vergadering uit sy ervaring met Cornelius en die feit dat nie Judiërs ook die Heilige Gees ontvang het. Dus is die besnydenis nie nodig om 'n Christen te wees nie. Dit is 'n belangrike verhaal vir die vierde geslag Christene vir wie Handelinge geskryf is. Hulle moet opnuut vra: "wat maak van ons Christene?"

## Verwagte uitkoms:

Ons het vandag weer 'n debat in die kerk oor die doop. Mense baklei weer oor wanneer, in hoeveel water en hoeveel maal, mens gedoop moet word. Hierdie vrae is oor eeue heen kort-kort in die kerk gevra. Wanneer ons weer hiermee gekonfronteer word kan ons maklik begin teksies aanhaal of baie slim oor die betekenis van ou woorde stry. Maar dan maak ons die doop meer as wat dit is. Die doop is nie "magic" wat op 'n spesifieke manier gedoen moet word om die nodige krag te hê nie. Dit is die teken van God se genade wat van ons Christene maak.

## Aksie:

Gedurende die diens word daar 'n paar kinders gedoop, onder andere 'n dogtertjie wat op 'n vlak 'n belydenis van haar geloof doen voordat sy gedoop word. Die volgende vrae word aan haar gevra:

- Glo jy dat die Bybel die Woord van God is?
- Glo jy dat God, die Vader, die Skepper van die hemel en aarde is?
- Glo jy dat die Here Jesus Christus vir jou sondes gesterf het en dat Hy uit die dood opgestaan het en het jy Hom lief?
- Glo jy dat die Heilige Gees in jou woon en jou lewe nuut maak?

Die doel van die kategeseles is om die kinders die geleentheid te gee om op hulle eie doop te reflekteer.

### **Inligting oor die Sakramente**

Sakramente is sigbare handeling in die erediens wat uitdrukking gee aan die diepste waarhede van die Christelike geloof. Die uitvoer van hierdie handeling gee gestalte aan die boodskap van die Woord en dien tot bevestiging van God se heilsbeloftes en tot versterking van die geloof van die gemeente.

In die Protestantse tradisie word slegs die doop en die nagmaal as sakramente beskou (teenoor die sewe sakramente in die Katolieke tradisie).

Dit is belangrik om te onthou dat God in die sakramente handel; dat dit gelowiges die geleentheid bied om bevestiging van God se beloftes te kry; en dat dit die gemeente betrokke maak by mekaar en die wêreld.

### **Oor die doop as sakrament:**

#### ***Herkoms en aard***

Die doop as sakrament kan teruggevoer word na Jesus se opdrag voor sy hemelvaart (Matt 28:18-20) en is van die begin af gesien as 'n bevestiging dat die gedoopte opgeneem word in die kerk as liggaam van Christus.

Die gebruik om ook kinders van gelowiges te doop, het heel vroeg in die geskiedenis van die kerk posgevat om uitdrukking te gee aan die verbondskarakter van die geloofsgemeenskap.

”

#### ***Riglyne***

Die dopeling moet in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees en met water gedoop word. Daarmee saam kan 'n verskeidenheid simbole benut word, byvoorbeeld die uitlig van water as simbool van afwassing en lewe, die maak van 'n kruisteken op die voorkop van die dopeling en die aansteek van 'n doopkers.

Daar is verskeie momente in die erediens waar die doop sinvol bedien kan word. Wanneer dit tydens die toetreefase bedien word, gee dit simbolies uitdrukking aan die betekenis van die doop as toetrede tot die liggaam van Christus. Omdat die doop ook die afwassing van sondes simboliseer, kan dit ná die vrypraak gedoen word. Indien dit ná die Woordbediening plaasvind, dien dit as versterking van die boodskap van die Woord.

Aangesien die doop uitdrukking gee aan die opname in die geloofsgemeenskap, behoort dit slegs by hoogste uitsondering buite die erediens bedien te word.

## **Reviewing:**

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

## **Diamant vrae:**

- Is daar dalk iets wat jou ouers vir jou vertel het oor jou doop?
- Watter teken word gebruik met die doop?
- As jy vir 'n maatjie van jou moes verduidelik wat die doop is, wat jou jy sê?

### Hart vrae:

- Hoe het die ouers wat hulle kinders gebring het om gedoop te word gevoel toe hulle kinders gedoop is?
- Hoe het die gemeente gevoel toe die kinders gedoop is?
- Hoe voel jy oor jou doop?

### Skoppens vrae:

- Wat beteken die doop vir jou? [Die doop is 'n sakrament waarin ons God se genade vier. Ons kan babatjies doop oor God so genadig is en hulle reeds sy kinders gemaak het, ons kan nie genade verdien nie. Die doop gebruik die teken van water om te wys dat ons deur God skoongewas is, ons is rein voor God. Die doop was in die ou tye 'n ritueel wat mense deurgegaan het om hulle deel te maak van 'n spesifieke gemeenskap – om bv. deel te word van die groep smede is jy gedoop om jou ou lewe af te was en jou nuwe lewe te verklaar, so kan ons ook sê dat ons nuut gemaak is deur God en nou deel is van 'n nuwe gemeenskap, die gemeenskap van gelowiges. Mense wat bymekaarkom omdat hulle God se genade ervaar en wil vier.]

### Klawers vraag:

- Hoe word jou doop en die belydenisaflegging wat jy gaan doen eendag aan mekaar verbind? [Jou doop en die belydenisaflegging wat jy eendag gaan doen, is aan mekaar verbind. Waar jou ouers met jou doop namens jou intree en sê dat hulle beloop om jou groot te maak om iemand te wees wat vir God lief is en dat hulle beloop om jou so te leer en laat leer, sê jy met jou belydenisaflegging dat jy aanvaar wat jou ouers vir jou gedoen het en dat jy bevestig dat jy 'n kind van God is wat vir God liefhet. Jy bevestig ook dat jy God se genade vir jou aanvaar en wil deel wees van 'n gemeente waar God gedien word.]